

Verbode om op te klim

“... maar die priesters en die volk mag nie deurbreek om na die HERE toe op te klim nie, sodat Hy nie teen hulle losbreek nie.”

(Eksodus 19:24)

Priesters mag naby God kom. Hulle is as't ware kinders in sy huis. Maar wanneer God op die top van Sinaï neerdaal, verander dit. Dan geld dieselfde streng reëls vir priesters én gewone mense. Niemand mag op die berg klim om te probeer om die HERE te sien nie. Elkeen wat dit doen moet met die dood daarvoor boet.

Dit is asof mens die wind van die tuin van Eden deur die Sinaï-woestyn hoor waai. God kom weer naby sy mense.

God het gesê dat Israel 'n koninkryk van priesters sou wees (Eksodus 19:6). Hulle mag by Hom in- en uitgaan. Verderaan in Eksodus gee Hy voorskrifte vir die bou van die tabernakel. Hy wil werklik te midde van sy volk woon; sy woning gaan tussen hulle tente staan. Dit is asof mens die wind van die tuin van Eden deur die Sinaï-woestyn hoor waai. God kom weer naby sy mense.

In Eksodus 19 is dit nog nie sover nie. Tog kom die HERE al 'n ent nader. Uit sy hoë hemel daal Hy neer op die top van die

berg waar die Israëliete kamp opgeslaan het. Met donderslae en blitse, vuur en rook laat Hy hulle voel hoe besonder sy aanwesigheid is. Onheilige mense mag glad nie by die heilige God in- en uitgaan nie. Israel kan net priesters word as hulle terdeë na die stem van God luister en sy verbond hou (Eksodus 19:5).



Volgens Eksodus 19:8 dink hulle dat hul goed daartoe in staat is: “Alles wat die HERE gespreek het, sal ons doen.” Met indrukwekkende tekens en streng verbouie maak die HERE aan hulle duidelik wie die

Die HERE is só groot en só heilig dat mense hulle NOOIT sal kan opwerk tot waar Hy is nie.

God is wat hulle wil gehoorsaam. Jy kan nie self na God toe opklim nie. Ook sy geboeie is klaarblyklik nie daarvoor bedoel nie. Die HERE is só groot en só heilig dat mense hulle nooit self kan opwerk tot waar Hy is nie.

Tog beklim daar in Eksodus 24:9-11 meer as sewentig Israëliete die berg. Wat in Eksodus 19 verbode was, word nou aan hulle vergun. Hulle sien die God van Israel en bly lewe. Dit gebeur egter eers ná die afkondiging van die geboeie van God en nadat Israel twee keer gehoorsaamheid beloof het. Dit gebeur eers nadat Israel met offerbloed besprinkel is (Eksodus 24:3-8).

'n Paar dae later maak Aäron, wat tot priester benoem is, 'n goue kalf. Die offerbloed van Eksodus 24 was nie sterk genoeg om dit te verhinder nie. Voordat die volk van God waarlik 'n koninkryk van

priesters kon word, moes daar eers 'n priester uit die hemel neerdaal. Hierdie priester neem ons nou saam boontoe. Deur Christus word jy 'n kind in die huis van God, en bly jy boonop lewe. Wie self na bo klim, vind die dood.

G Kwakkel

© 2015

www.christianstudylibrary.org